NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

# GESKIEDENIS: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, van wie almal 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen besprekings of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word erken dat daar verskillende sienings oor sommige sake van klem of detail in die riglyne kan wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

## VRAAG 1

**Hoe effektief was die Verenigde State in die bekamping van kommunistiese militêre magte in Suid-Viëtnam tussen 1957 en 1969?**

### *Argument*

*Kandidaat moet die Verenigde State se doeltreffendheid in die bekamping van kommunistiese militêre magte (insluitend die NVL en VK/NBF) in Viëtnam deur die eerste twee fases van die Viëtnam-oorlog beoordeel. Kandidaat moet beide gebiede verken waar die Verenigde State meer effektief was en waar hulle minder effektief was.*

**Konteks:**
- Anti-koloniale oorlog, Slag van Dien Bien Phu en die Genève-ooreenkomste.
- Verdeling van Viëtnam in Noord en Suid, met kommunistiese regering onder Ho Chi Minh in die Noorde en kapitalistiese regering in die Suide onder keiser Bai Dai (en dan Ngo Dinh Diem).
- Die Verenigde State het die Domino-effek (Eisenhower) gevrees, veral nadat China kommunisties geword het, en het dus begin ingryp om die anti-kommunistiese regering in die Suide te ondersteun.
- Die VRC en USSR het die kommuniste in die Noorde in verskillende mate ondersteun.
- Die herenigingsverkiesing waaroor by die Genève-ooreenkomste ooreengekom is, het nie plaasgevind nie, aangesien dit deur Diem en die Verenigde State teengestaan is.

**Inhoud**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui. Ander inhoud kan in ag geneem word, maar word nie verwag nie]

- Kommunistiese bedreiging vir Suid-Viëtnam het daartoe gelei dat die Verenigde State sy betrokkenheid verhoog het.
  – Diem se bewind in die Suide was ongewild en onderhewig aan toenemende opstand, baie daarvan kommunisties.
  – Vanaf 1959 het Noord-Viëtnam hierdie opstand ondersteun en dit vergroot deur toevoerlyne te skep, en NVL-troepe na die Suide te stuur.
  – In 1960 het die kommunistiese opstandelinge in die Suide die Nasionale Bevrydingsfront (NBF/Viëtkong) geskep om guerrilla-oorlog teen Diem se regering te voer met die doel om kommunistiese heerskappy na die Suide te bring. Ondersteun (of gerig) deur die Noorde en die NBF.
  – Die Verenigde State het Diem se regering ondersteun, eers indirek onder Eisenhower en Kennedy, en toe direk onder Johnson, *om 'n kommunistiese oorname te voorkom.*
- Die VS poog om kommunistiese magte in Suid-Viëtnam onder Eisenhower (1957–1961) en Kennedy (1961–1963) te beveg – eerste fase van die oorlog.
  – Eisenhower het in 1954 by die Genève-ooreenkomste betrokke geraak in 'n poging om kommunisme in bedwang te hou, en het die verdeling van Viëtnam ondersteun (konteks).
  – Vanaf 1957 het **Eisenhower die beleid van "nasiebou" ondersteun** om 'n vry en stabiele Suid-Viëtnam te skep *in 'n poging om die toenemende kommunistiese opstande/ militêre bedreiging van Diem se regering te bestry*.*
  – Ten spyte van hierdie ingryping is die NBF in 1960 tot stand gebring wat die *ondoeltreffendheid van nasiebou in die bekamping van kommunistiese magte aandui.*

- Belegging van groot bedrae geld in Suid-Viëtnamese regering. *Die ontevredenheid met Diem en toenemende opstand impliseer egter dat dit 'n ondoeltreffende strategie was, aangesien dit nie die groei en skepping van die NBF verhoed het nie*.
- Nasiebou is as 'n beleid onder Kennedy voortgesit, ondanks die mislukking daarvan.
- *Met die gebrek aan algehele sukses van die beleid van nasiebou* het Kennedy (en sy opvolger Johnson) nasiebou gekombineer met 'n **beleid van teeninsurgensie**. Teeninsurgensie verwys na 'n wye reeks taktieke en strategieë wat aangewend is om die stygende NBF-opstand teen te werk – insluitend militêre optrede, propaganda, diplomasie en voortgesette ekonomiese steun.
- 'n Deel van hierdie beleid was om "**hart en verstand te wen"**(pasifikasie/"hou-en-beskerm") – optrede om die plattelandse Suidelike bevolking te probeer oortuig om hulle nie by die NBF of noordelike kommuniste te skaar nie. Veral Kennedy was ten gunste van 'n gemengde strategie wat sterk daarop gefokus het om hart en verstand te wen, maar sy militêre raadgewers en Diem het 'n meer militaristiese reeks strategieë voorgestaan *wat tot teenstrydighede gelei het, wat wantroue in die Verenigde State geskep het en hul pogings om kommunistiese magte in Suid-Viëtnam te bekamp, verder verswak het.*
- Kennedy het militêre besteding en steun vir Diem se regering verhoog, insluitend die stuur van **raadgewers** om die Suid-Viëtnamese regering en weermag (WRVN) te help om die kommunistiese militêre magte te beveg.
- Vanaf 1962 het die **Strategiese Dorpie-program** (**Veilige Dorpies**), geskep deur Diem se regering, die WRVN en die Verenigde State, gepoog om kommunistiese opstandelinge te isoleer deur landelike Suid-Viëtnamese na "veilige dorpies"/ beskermde nedersettings te verskuif waar hulle veronderstel was om teen die NBF beskerm te word, en met hulp ondersteun te word. *Hierdie beleid het egter misluk*, aangesien die NBF die dorpes maklik kon infiltreer, regeringsamptenare geld verduister het wat vir die programme bedoel was, en *kleinboere was gekrenk om met geweld van hul grond verwyder te word. Dit het net verdere vyandigheid teenoor Diem en die Verenigde State geskep en meer mense na die kant van die NBF oorgehaal. Die Strategiese Dorpie-program was ondoeltreffend in die bekamping van kommunistiese militêre magte in Suid-Viëtnam.*
- Onder Kennedy is Operasie Ranch Hand (1962–1971) begin, 'n program van **chemiese oorlogvoering** wat gepoog het om die oerwoudbedekking te stroop waarvan die NBF en NVG gebruik gemaak het in hul guerrilla-oorlog teen die WRVN. Het die Ho Chi Minh-roete geteiken. Gebruik gemak van onkruiddoders soos *Agent Orange*. *Kon nie kommunistiese magte doeltreffend beveg nie, aangesien hulle ander maniere van skuiling (bv. tonnelstelsels) gebruik het, voorrade op die immer-ontwikkelende Ho Chi Minh-roete herlei het, en die gebruik van chemiese wapens het protes teen die Suid-Viëtnamese regering en die Verenigde State verder verhoog.*
- **Soek en Vernietig**-missies is deur die WRVN en VS-raadgewers begin, en deurgaans tydens die oorlog gebruik. VS helikopterloodse het WRVN-troepe na waarskynlike NBF-vestings vervoer om die vyandelike basisse opgespoor en hul te vernietig. *Soek en Vernietig was in die vroeë stadiums van die oorlog betreklik effektief en het aansienlike skade aan die NBF aangerig*.
- Die NBF het taktiek verander om op hierdie missies te reageer deur hinderlae by helikopterlandingsplekke op te stel en *het sodoende die S&V-taktiek om kommunistiese magte te bestry net vir 'n kort tydjie effektief gemaak*.
    - *Kandidate kan NBF- en NVL-taktieke bespreek, insluitend die gebruik van tonnels, guerrilla-oorlogvoering, die steun van die USSR en VRC, ens., maar dit moet in die konteks wees om die ondoeltreffendheid van Amerikaanse pogings te toon.*

IEB Copyright © 2025 

  - *Met die besef dat die taktiek misluk en moontlik die NBF versterk,* het Kennedy Amerikaanse betrokkenheid begin afskaal.
  - Die VSA (deur CIA-finansiële ondersteuning) het 'n staatsgreep teen Diem ondersteun, wat in 1963 verdryf en tereggestel is. Suid-Viëtnam het in die volgende jaar en 'n half 'n aantal opeenvolgende staatsgrepe beleef *wat enige pogings om die kommunistiese magte te bekamp, verder verswak het*.
- Die VS poog om die verspreiding van kommunisme in Suid-Viëtnam onder Johnson (1963/4–1969) te bekamp.
  - Kennedy is in November 1963 in ‘n sluipmoordaanval gedood en deur Lyndon Johnson opgevolg.
  - **Johnson het geglo aan 'n beleid van eskalasie** – dat die VSA en WRVN die kommunistiese opstand kan stuit deur Amerikaanse betrokkenheid te verhoog, grondtroepe onder generaal Westmoreland in te stuur en die Amerikaanse vloot te gebruik om die kus van Noord-Viëtnam te patrolleer.
  - **Operasie Rolling Thunder begin nadat die Golf van Tonkin-voorval** Kongres oortuig het om steun vir die optrede teen die NBF en NVL te verhoog. Rolling Thunder het volgehoue lugaanvalle op teikens in Noord-Viëtnam en langs die Ho Chi Minh-roete ingesluit. Uiters streng en dikwels onlogiese reëls van betrokkenheid het die *vermoë van Rolling Thunder belemmer om vyandige SAM-terreine en ander basisse te vernietig*. Die bomaanvalle *het 'n mate van sukses behaal in die bekamping van die NVG se vermoë om voorrade na die Suide te bring, en het hul aktiwiteite in die Noorde belemmer. Dit kon egter nie die opstand beëindig nie.*
  - Ander pogings om die verspreiding van kommunisme in hierdie fase van die oorlog te bekamp het die gebruik van helikopters, voortgesette S&D-missies, skoonmaak- en beveiligingsmissies en voortgesette lugaanvalle ingesluit. *Dit het verskillende vlakke van doeltreffendheid gehad, en kon dikwels die NBF en NVL vir 'n kort tydperk afskrik totdat hulle hul taktiek aangepas het.* Oor die algemeen was die Verenigde State en WRVN geneig om meer konvensionele militêre taktiek te gebruik wat op die lang termyn ondoeltreffend geblyk het teen die guerrilla-taktiek van die kommunistiese magte.
  - Amerikaanse pogings *was veral ondoeltreffend* tydens die **1968 Tet-offensief**. Hierdie aanval op veelvuldige teikens in die Suide, gekoördineer deur die NVL en NBF, het die grootste deel van 1968 geduur en aan die begin was die NVL en NBF in staat om 'n paar belangrike strategiese punte te verower en *sodoende die bewering te ondersteun dat die VSA op hierdie stadium ondoeltreffend was om kommunistiese uitbreiding te verhoed.*
  - Die Verenigde State en WRVN het egter daarin geslaag om al die gebiede wat die NVL en NBF verower het, terug te neem, *wat hulle doeltreffend gemaak het om die poging tot kommunistiese oorname van die Tet-offensief te voorkom*.
  - In 1968 het die eerste rondte vredesamesprekings begin, maar kon nie daarin slaag om 'n kompromis te bereik nie.
  - Johnson het hom nie weer verkiesbaar gestel nie, *wat in sekere opsig beskou kan word as 'n bewys van sy mislukkings in Viëtnam*, en hy is deur Nixon opgevolg.
  - Teen 1969 het die oorlog 'n dooiepunt bereik en dit was onduidelik watter kant die oorhand gehad het. *Alhoewel hulle teen 1969 'n mate van doeltreffendheid gehad het, was die VSA nie in staat om die kommunistiese opstand te keer nie en was dus nie effektief in die bekamping van kommunistiese magte in Suid-Viëtnam nie. Dit blyk egter dat hulle 'n vinniger verspreiding of totale oorname teen 1969 kon voorkom (gedeeltelike doeltreffendheid).*

**OF**

## VRAAG 2

**Hoe effektief was die Vrouebeweging om maatskaplike verandering in die Verenigde State in die 1960's en 1970's tot stand te bring?**

### *Argument*

*Kandidaat moet die pogings van die Vrouebeweging om die Amerikaanse samelewing te verander, ondersoek en die doeltreffendheid van hierdie pogings evalueer. Kandidaat behoort beide die suksesse en mislukkings van die beweging dek om veranderinge in die Amerikaanse samelewing te bewerkstellig.*

**Konteks:**

- Vrouens het in die vroeë 20ste eeu stemreg in die Verenigde State verkry, maar was steeds op 'n aantal gebiede van die samelewing beperk. Veral Swart vroue het met veelvuldige vlakke van diskriminasie te doen gehad.
- Tydens die Tweede Wêreldoorlog het vroue in die VSA nuwe rolle in die samelewing en die werkplek begin vul, aangesien mans oorsee gaan veg het. Vroue het poste aangeneem wat voorheen tradisioneel vir mans gereserveer was en het hul eie geld verdien. Aan die einde van die oorlog is daar egter van vroue verwag om terug te keer na die huislike sfeer.
- Die Burgerregtebeweging het vroue geïnspireer om verandering in hul eie situasies te maak en teen sosiale diskriminasie te veg. Die Swartmag, anti-oorlog- en studentebewegings was ook prominente invloede.
- Terselfdertyd was hierdie organisasies geneig om aspekte van sosiale seksisme voort te sit, en vroue binne die bewegings het toenemende ontevredenheid ervaar.

**Inhoud**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui. Ander inhoud kan in ag geneem word, maar word nie verwag nie]

- Die **Vrouebeweging het ten doel gehad om die ekonomiese en arbeidsposisie van vroue te verander**.
  - Vroue is voor die 1960's/70's beperk tot sogenaamde "pienkboordjie"-poste**, diskriminasie in aanstelling en bevordering**, **ongelyke betaling**, geen toegang tot **kraamverlof of kindersorg** nie.
  - Gelyke werksgeleenthede was 'n groot fokus, veral by die meer gematigde/liberale feministe.
  - Die **Nasionale Organisasie vir Vroue** het 'n kritieke rol gespeel in die tte veg vir die implementering van **Titel VII van die Wet op Burgerregte**. Hulle het geveg vir gelyke werksgeleenthede en het aangedring op die Gelyke Regte-wysigingswet*. *Die feit dat ERA deur die kongres goedgekeur is, dui op sy doeltreffendheid om die samelewing te verander, maar die gebrek aan bekragtiging teen die sperdatum van 1982 dui daarop dat hierdie doeltreffendheid beperk was*.
  - NOW het in 1967 teen geslagspesifieke Werksoek-plakkate by die New York Times geprotesteer – *hierdie en ander soortgelyke betogings het werkgewers uiteindelik genoop om die diskriminerende advertensies uit te faseer, maar het nie noodwendig 'n einde aan werkdiskriminasie beteken nie.*
  - Ester Peterson het Kennedy oortuig om die President's Commission on the Status of Women in te stel, onder die voorsitterskap van Eleanor Roosevelt. Dit het in 1963 verslag gedoen oor ongelyke werkplekbehandeling en betaling van vroue, en verandering voorgestel, wat ingestel is. Bekragtig die Wet op Gelyke Betaling. *Die Vrouebeweging kon dus, deur druk op die Kommissie toe te pas, die status van vroue in die werkplek verander deur diskriminerende praktyke te onthul en die regering te laat ingryp.*

IEB Copyright © 2025 

  - **Wet op Gelyke Betaling (opgestel deur Peterson) 1963** [kandidate mag verwys na die verkryging van gelyke betaling sonder om die wet te noem] het gelyke betaling vir gelyke werk gewaarborg – *beywer hom om die betaling van vroue te verhoog, maar steeds ondoeltreffend om volle gelykheid van betaling te verkry, aangesien vroue teen 1979 steeds 62% teenoor mans verdien het.*
  - Bewusmakingsgroepe is in alle sfere van die Beweging gebruik vir vroue om hul ervarings te deel – insluitend werkplekteistering. *Bewusmaking het dalk nie 'n direkte impak op die verandering van regeringsbeleid of die samelewing gehad nie, maar omdat vroue besef het dat hul ervarings gedeel is, het dit hulle in staat gestel om saam te kom om op te tree vir verandering, en om veiligheid en gelykheid in die werkplek te eis.*
- Die Vrouebeweging het gepoog om **voortplantingsregte van vroue te verhoog** en die aandag op huishoudelike en seksuele geweld te vestig.
  - Gebrek aan **toegang tot voorbehoedmiddels** weens die 19$^{de}$-eeuse Comstock-wette. Selfs teen die 1950's was dit in party state 'n misdryf om voorbehoeding te adverteer of te verkoop, en in Connecticut was dit onwettig vir 'n egpaar om voorbehoeding te gebruik. *Die Vrouebeweging het daarin geslaag om dit te verander deur die Hooggeregshofsaak van Griswold v Connecticut in 1965 te ondersteun wat die beperkende wette omgekeer het*.
  - Geboortebeperking was 'n groot kwessie van die Vrouebeweging, met die eerste hormonale **geboortebeperkingspil** wat in die laat 1950's geskep is en goedgekeur is om ernstige menstruele probleme te behandel. *Die Vrouebeweging het hulle suksesvol beywer vir die beskikbaarheid van laer dosisse spesifiek vir geboortebeperking en die herroeping van die dele van die Comstock-wette wat met geboortebeperking in 1971 verband gehou het.*
  - *Speak-outs* en bewusmakingsgroepe het die bewustheid van gesins- en seksuele geweld verhoog.
  - Florynce Kennedy's *Abortion Rap* (1971) – die eerste boek wat oor aborsie gepubliseer is.
  - 1969 Senaatsverhoor oor aborsieregte – Redstockings het ontwrig, uitgestorm en beswaar daarteen gemaak dat 14 van die 15 sprekers mans was. Hulle het toe 'n aborsie *speak-out* gehou om bewustheid oor die realiteite van toegang tot aborsie te verhoog en om die Senaatverhoor teen te werk.
  - 1970's Vrouestaking vir Vrede – het aangedring op gratis aborsie, geen gedwonge sterilisasie, gratis kindersorg en gelyke werksgeleenthede. 50 000 mense het in New York opgeruk, plus groot optogte in 90 ander stede. *Effektief om media-aandag te kry oor die omvang van vroue se ontevredenheid met hul maatskaplike posisie, en speel 'n groot rol in die druk op die regering om die Wet op Omvattende Kindersorg in 1971 deur te voer. Sy effektiwiteit was egter beperk aangesien Nixon die wet geveto het.*
  - *Teen 1973 het **die Vrouebeweging in so 'n mate daarin geslaag om vir die reg op aborsie te beywer*** **dat toe Roe v Wade** na die Hooggeregshof verwys is, daar in hulle guns beslis is. *'n Groot sukses vir die Vrouebeweging was om reproduktiewe regte te verseker.*
- Die Vrouebeweging het probeer om die beperking van vroue tot die huishoudelike sfeer te verander, het aangedring op meer verteenwoordiging binne bewegings en tradisionele **geslagsrolle uitgedaag**.
  - Tuisteskepping is beklemtoon, veral in die 1950's. Daar is van vroue verwag om kinders groot te maak en aan tradisionele geslagsrolle te voldoen.
  - Heer en Meesterwette het beteken dat **vroue min seggenskap gehad het, selfs in die huishoudelike sfeer**.
  - Egskeiding was moeilik, met geen "geen-skuld" egskeidings toegestaan nie – dit is iets waarvoor die Vrouebeweging geveg het, *en teen 1969 is die eerste geen-skuld egskeidingswette in Kalifornië deurgevoer, gevolg deur die ander state in die vroeë 1970's.*

  - **Betty Friedan se *Feminine Mystique* het die beeld van die tevrede middelklas-huisvrou krities bespreek, en daarop gewys dat vroue ontevrede is met hul beperking** tot die huislike sfeer. *Dit was 'n uiters invloedryke boek, waarvan meer as 3 miljoen kopieë verkoop het, wat vroue aangespoor het om hul plek in die Amerikaanse samelewing te bevraagteken en was in 'n mate effektief om die sienings van vroue in die samelewing te verander*.
  - Vroue in die Vredes- en Swartmagbewegings het Vrouekoukusse geskep om hul verteenwoordiging te vergroot en teen seksisme binne hierdie bewegings te veg. Bv. Frances Beal/Black Women's Liberation Caucus van SNCC; Jo Freeman en Shulamith Firestone Women's Caucus by die 1967 Conference of New Politics (SDS) en die skepping van die Westside/Chicago Group.
  - New York Radical Women het teen seksisme by die **1968 Mej. Amerika Skoonheidskompetisie** betoog. **Deur stakingsrye, guerrilla-teater, vryheid-asblikke** en deur 'n banier by die saal in te smokkel, *kon hulle bewusmaking van die ontevredenheid skep, maar het nie noodwendig wesenlike verandering aan die samelewing gebring nie, aangesien die kompetisie en soortgelyke kompetisies voortgegaan het*.
- Die Vrouebeweging was bedrywig op ander gebiede van verandering [kan punte verdien, maar word nie verwag nie]
  - Lesbiese vroue in die beweging het geveg vir erkenning binne die beweging en die samelewing, en *het bygedra tot groter aanvaarding van homoseksualiteit deur die Gay Regte-beweging*. Bv. Lavender Menace, Radicalesbians. Het veroorsaak dat NOW hulle daartoe verbind het om vir lesbiese regte te veg, en hul *skepping van 'n Taakspan oor Seksualiteit en Lesbianisme – wat gay-regte meer hoofstroom gemaak het*.
  - Oorvleueling met die Burgerregtebeweging – bv. Shirley Chisholm & Gloria Steinem en die Nasionale Vroue Politieke Koukus. Chisholm het in 1972 vir benoeming as die Demokratiese presidentskandidaat gestaan – *dit was onsuksesvol, maar dui wel op 'n mate van verandering deurdat sy die eerste Afro-Amerikaanse vrou in die Kongres geword het, en die aanvaarding van 'n groot aantal kritieke wette teweeg gebring het wat verband hou met Afro-Amerikaners, vroue, armlastiges en die Viëtnam-oorlog.*

**OF**

## VRAAG 3

**Hoe effektief was internasionale proteste om verandering in apartheidsbeleid gedurende die 1970's en 1980's tot stand te bring?**

### *Argument*

*Kandidaat moet die doeltreffendheid van internasionale (eksterne) protes in die 1970's en 1980's oorweeg. Kandidaat moet beide areas van effektiwiteit en ondoeltreffendheid van hierdie internasionale bewegings verken om verandering in apartheidsbeleide te bewerkstellig.*

**Konteks:**

- Toenemende onderdrukking deur apartheidsregering in die 1960's ná Sharpeville het tot toenemende internasionale druk gelei.
- Namate interne protes toegeneem het, het pogings deur die internasionale gemeenskap om verandering deur ekonomiese en ander druk op apartheid te bewerkstellig, ook toegeneem.
- Kandidaat mag interne protes en Botha se hervormings noem indien dit van toepassing is op die argument wat gemaak word oor die doeltreffendheid van internasionale protes.

**Inhoud**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui. Ander inhoud kan in ag geneem word, maar word nie verwag nie]

- Burgerlike samelewing se boikotte van die ekonomies, sport, kultureel, akademies.
  - **Ekonomiese boikotte** *het druk op die apartheidstaat uitgeoefen en die ekonomiese krisis in Suid-Afrika vererger, hoewel dit moeilik is om konkrete bewys van direkte doeltreffendheid in die verandering van regeringsbeleid te lewer.*
    - Britse en Ierse **Anti-Apartheidsbewegings** – boikotte van Suid-Afrikaanse goedere, bv. Outspan lemoene, Dunns Stores het geweier om Suid-Afrikaanse vrugte te verkoop.
    - Boikotte van maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen.
    - Ierland het boikotte van steenkool en voedsel uit Suid-Afrika ingestel.
  - Sport-, kulturele en akademiese boikotte *het bygedra tot die isolasie van Suid-Afrika en het moontlik tot groter ontevredenheid van party wit Suid-Afrikaners gelei, maar het nie die regering se beleid direk beïnvloed nie.*
    - **Sportboikotte** [kandidate kan voorbeelde kies, nie almal word verwag nie]
      - Suid-Afrika verban van die meeste wêreldsportbyeenkomste soos die Olimpiese Spele.
      - Spanne is ontmoedig om na Suid-Afrika te toer, en SA spanne is geboikot wanneer hulle op toer was – Stop die 70 Toer.
      - Gleneagles-ooreenkoms 1977 – Statebondslande het sportbande met Suid-Afrika ontmoedig.
      - *Het dalk gedien om ontevredenheid van die internasionale samelewing met apartheid te toon en het dalk 'n geringe bydrae tot hervormings in SA gehad om SA se beeld te verbeter, maar nie direk effektief in beleidsverandering nie.*
    - **Kulturele boikotte** [kandidate kan voorbeelde kies, nie almal word verwag nie]
      - Vermaaklikheidsterre is ontmoedig om in Suid-Afrika op te tree – "Moenie apartheid vermaak nie"; Artists against Apartheid.
      - Britse TV-(programme) en films kon nie na SA versprei word nie.

IEB Copyright © 2025 

        - Amerikaanse en Britse dramaturge sou slegs toelaat dat hul toneelstukke voor gemengde gehore opgevoer word.
        - *Beperkte impak aangesien daar die skuiwergat van tuislande en Sun City was. Het wel gedien om Suid-Afrika ietwat te isoleer, maar min impak op regeringsbeleid.*
    - Akademiese boikotte [nie kritiese inhoud nie]
        - Akademici het geweier om na SA te kom, en SA akademici is toegang tot oorsese konferensies geweier, Suid-Afrikaanse werke is nie deur internasionale universiteite gepubliseer nie.
        - *Beperkte omvang en dus beperkte impak op regeringsbeleid, alhoewel dit moontlik bygedra het tot toenemende druk vir hervorming*.
- **Sanksies** en druk deur die Verenigde Nasies
  – VN verklaar apartheid in 1973 as 'n misdaad teen die mensdom; **1977-wapenverbod** *het die verkoop van wapens aan SA beperk, maar die doeltreffendheid is ondermyn omdat SA sy eie wapens deur ARMSCOR vervaardig*; in 1980 het die Veiligheidsraad sowel as die Algemene Vergadering die vrylating van politieke gevangenes geëis; die Veiligheidsraad-resolusie 554 van 1984 het Botha se nuwe grondwet nietig verklaar, *hoewel dit nie effektief was om regeringsbeleid te verander nie, aangesien Botha ondanks hierdie resolusie met die Driekamerparlement voortgegaan het.*
  – 1978 Brittanje en Frankryk het die **verkoop van wapens aan Suid-Afrika gestaak**.
  – Middel 1980's – Statebond en Amerikaanse olieverbod, en Brittanje het geringe sanksies teen die verkoop van Krugerrande en invoer van yster ingestel. 1987 Algemene Vergadering het op 'n vrywillige olieverbod deur sy lede aangedring.
  – 1986 – **Omvattende Anti-Apartheidswet** (Verenigde State) – verreikende sanksies wat ingestel is op voorwaarde dat dit opgehef sal word as betekenisvolle verandering plaasvind en apartheid effektief beëindig word.
  – Teen die einde van die 1980's het die Nordiese lande 'n algehele verbod op handel met Suid-Afrika ingestel, en sommige het finansiële hulp aan die bevrydingsbewegings verleen.
  – *Die toenemende sanksies en VN-resolusies het sowel diplomatieke as ekonomiese druk op die SA regering geplaas en het 'n mate van doeltreffendheid gehad omdat Botha eerstens hervormings ingestel het, en daarna het die NP met onderhandelings begin. Thatcher en Reagan se steun vir NP se anti-kommunistiese standpunt het egter die doeltreffendheid ietwat ondermyn aangesien hulle sanksies teengestaan het.*
- **Disinvestering en optrede deur besighede** [kandidate kan voorbeelde kies]
  – Maatskappye, bv. Kodak, Pepsi, IBM, Barclays, General Electric het hul ondernemings aan Suid-Afrika onttrek.
  – AAB-betogings buite die hoofkwartiere van sakeondernemings wat steeds in SA belê het.
  – **Chase Manhattan** het opgehou om Suid-Afrikaanse leningstydperke te verleng, *wat doeltreffend was om verdere ekonomiese druk op die regering te plaas en hul behoefte om beleid te verander en te onderhandel, te verhaas*.
  – **Sullivan-beginsels** het 'n stel riglyne opgestel vir maatskappye wat in Suid-Afrika sake wou doen, *maar het beperkte doeltreffendheid gehad omdat dit nie regerings- of ander beleide was nie.*
  – *Sanksies en disinvestering het die ekonomiese resessie in Suid-Afrika laat toeneem, dit vir die regering moeiliker gemaak om die kapitaal te verkry wat nodig was om voort te gaan om weerstand teen te staan, het 'n dramatiese daling in die wisselkoers veroorsaak en in wese ekonomiese stagnasie in Suid-Afrika veroorsaak. Dit het effektief druk op die apartheidsregering geplaas om sy beleid te hervorm en te*

*versag, selfs met beperkings deur die ondersteuning van Reagan en Thatcher, en maatskappye/lande wat nie sanksies toegepas of disinvesteer het nie.*

- Ander internasionale optrede
  - Bevry Mandela-veldtog. [opsioneel]
    - Internasionale oproepe vir die vrylating van Nelson Mandela.
    - *Het moontlik 'n impak gehad op Botha wat Mandela in 1985 voorwaardelike vrylating gebied het.*
  - Frontliniestate [opsioneel]
    - Hulle was gekant teen apartheid en het as deel van die OAE onderneem om apartheid te beëindig.
    - SA se buurstate het sedert die 1970's vergader om hul pogings teen apartheid te koördineer.
    - Baie het die vestiging van MK-basisse toegelaat.
    - *Met hul ekonomieë wat dikwels van Suid-Afrika afhanklik was, gekoppel aan 'n doeane-unie, en die gevaar van destabilisering, was die omvang van hul ingryping egter uiters beperk*.

IEB Copyright © 2025 

## AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

### VRAAG 4

**Verduidelik hoe spanning in die Koue Oorlog tussen 1945 en 1955 ontwikkel het deur die volgende vrae te beantwoord:**

**(a) Wat het teen 1945 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State en die Sowjetunie gelei?**
**(b) Watter stappe het die Verenigde State en die Sowjetunie tussen 1945 en 1955 in Europa geneem wat die Koue Oorlog-spanning vererger het?**
**(c) Watter impak het Koue Oorlog-spanning teen 1955 op Europa gehad?**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui.]

- Aanvanklike spanning tussen die Verenigde State en Sowjetunie
  - **Ideologiese konflik** tussen kapitalisme en kommunisme.
  - Nazi Sowjet Nie-aanvalsverdrag) het agterdog gewek.
  - Sowjetunie het deel geword van die Groot Alliansie teen Duitsland, maar spanning tussen die bondgenote het gebly.
  - Verenigde State **het die ontwikkeling van die atoombom geheim gehou** van die Sowjetunie, wat Stalin kwaad gemaak het.
  - Kennan se *Long Telegram* en Churchill se ***Sinews of Peace/*Ystergordyn-toespraak** het albei die Weste se wantroue van die USSR verhoog.
- Konferensies aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog
  - **Yalta en Potsdam.**
  - Besluite om die oorlog te beëindig en die na-oorlogse ooreenkomste.
  - Toenemende wantroue onder die leiers by hierdie konferensies, en teenstrydige menings oor hoe die na-oorlogse situasie in Europa hanteer moes word.
  - Yalta en Potsdam het die **verdeling van Duitsland en besetting deur die Geallieerde Magte** gefinaliseer.
  - Ooreenkomste oor territoriale veranderinge – veral rakende Pole en Duitsland.
  - Ooreenkomste vir bevryde lande om vrye verkiesings te hou – hoewel dit verskillend geïnterpreteer is deur die Sowjetunie en die Westerse bondgenote.
  - Besluite oor vergoeding van Duitsland.
  - Die vaagheid van baie van hierdie ooreenkomste het tot toenemende spanning gelei.
- **Sowjet skepping van satellietstate**
  - Toe die USSR Oos-Europese lande in die laaste deel van die oorlog van Nazi-heerskappy bevry het, het hulle aansienlike invloed verkry.
  - Ondanks ooreenkomste by die Yalta- en Potsdam-konferensies het **die USSR marionetregerings in Oos-Europese state ingestel en satellietstate geskep**.
  - Churchill het hierdie verdeling tussen kapitalistiese Wes-Europa en Kommunistiese Oos-Europa die "Ystergordyn" genoem.
- Truman-leerstelling en Marshallplan
  - In 'n poging om die verspreiding van kommunisme te voorkom, het **die Verenigde State onder Truman onderneem om by Europese sake in te gryp** om regerings onder bedreiging te ondersteun.
  - Ingryping in Griekeland en Turkye onder die Truman-leerstelling het daardie lande toegelaat om kommunistiese opstande die hoof te bied.
  - Marshall-plan het **uitgebreide hulp aan Wes-Europa** verleen om te herbou, wat die kloof tussen die Ooste en Weste verdiep het.
  - Hierdie verskil in leefstyl was veral duidelik in die verdeelde Berlyn.
- Berlynse Blokkade en Lugbrug

IEB Copyright © 2025 

  - Geallieerde Beheerraad was veronderstel om die besetting en administrasie van die Duitse besette sones te koördineer, maar **valuta-kwessies en meningsverskille** het veroorsaak dat dit ondoeltreffend was.
  - Geldkrisis het daartoe gelei dat **Stalin 'n blokkade rondom Berlyn ingestel** het in ’n poging om die Westerse moondhede te verdryf.
  - **Weste het gereageer met die Berlynse lugbrug** en Stalin het **die blokkade ná 11 maande opgehef**.
- Verdeelde Duitsland – DBR, DDR
  - Koue Oorlog-spanning het gelei tot die **permanente verdeling van Duitsland in die Duitse Bondsrepubliek en die Duitse Demokratiese Republiek in 1949**.
  - DBR is gelei deur Konrad Adenauer en 'n bondgenoot van die Verenigde State.
  - DDR is gelei deur Walter Ulbricht en het 'n satelliet van die USSR geword.
  - Spanning tussen dié twee nuwe state het voortgeduur, veral in die hoofstad Berlyn.
- NAVO en die Warskou-verdrag
  - Vrees vir verdere Sowjet-uitbreiding ná die Berlynse Blokkade het daartoe gelei dat die Verenigde State die **Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie as 'n kollektiewe veiligheidsmaatreël geskep het**.
  - NAVO was die Verenigde State se eerste vredestydse militêre alliansie en het sy militêre vermoëns aansienlik versterk, insluitend om missiele in NAVO-lande in die nabyheid van die USSR op te rig.
  - NAVO het agterdog en wantroue versterk.
  - Dit het veral vererger toe die **DBR in 1955 by NAVO aangesluit** het.
  - **In reaksie hierop het die USSR die Warskou-verdrag geskep**, 'n militêre alliansie van die USSR en sy bondgenote.
- Impak van Koue Oorlog op Europa
  - Die Koue Oorlog het **Europa wesenlik in twee gewapende kampe verdeel**.
  - Reis tussen die Ooste en Weste is toenemend beperk, en **agterdog het toegeneem**.
  - **Wes-Europa het voordeel getrek uit Amerikaanse hulp** en kon ná die Tweede Wêreldoorlog herbou en al hoe meer welvarend word.
  - **Oos-Europa het in 'n groot mate onder beheer van die USSR gekom** en vryhede is drasties ingeperk.
  - Oos-Duitsland het veral gely onder skadevergoeding wat deur die USSR geëis is, en oor die algemeen kon **Oos-Europa nie in dieselfde mate as die Weste herstel nie**.

**OF**

IEB Copyright © 2025 

## VRAAG 5

**Verduidelik die impak van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1970's deur die volgende vrae te beantwoord:**

**(a) Wat het tot die opkoms van die Swartmagbeweging in die Verenigde State in die 1970's gelei?**
**(b) Watter metodes het die Swartmagbeweging gebruik om Afro-Amerikaanse gemeenskappe in die 1970's op te hef?**
**(c) Hoe suksesvol was die Swartmagbeweging in die Verenigde State in die 1970's?**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui.]

- Oorsprong van die Swartmagbeweging
  - **Frustrasie met die stadige pas van verandering** en die nie-gewelddadige houding van die Burgerregtebeweging.
  - Wetgewende verandering is bereik, maar dit het **nie noodwendig maatskaplike verandering, of voldoende verbetering in die alledaagse lewe, veral in die Noordelike ghetto's, veroorsaak nie**.
  - Groei van Swart Nasionalisme, beïnvloed deur Marcus Garvey, Pan-Afrikanisme en die **filosofieë van Malcolm X**.
  - **Ekonomiese ontevredenheid en polisiebrutaliteit** het tot 'n aantal onluste in Noordelike ghetto's gelei, veral die Watts-rebellie.
  - Vroeë Swart Nasionalistiese en Separatistiese groepe soos die **Nasie van Islam het swart verset begin organiseer**. Malcolm X het prominent geword in die NvI voordat hy dit verlaat het om die OAAE te skep. Sy menings oor Swart Nasionalisme het 'n belangrike invloed op die opkoms van Swartmag geword.
  - **Stokely Carmichael** van SNCC was die eerste wat die term "Black Power" gewild gemaak het ná sy vrylating van arrestasie tydens die 1966 Meridith March Against Fear.
- Taktiek en strategieë van die Swartmagbeweging
- Organisasies
  - – In teenstelling met die CRM, het Black Power-groepe wit lede geskors en was in verskillende mate **separatisties**.
  - SNCC (Studente Niegeweldadige Koördinerende Komitee - opsioneel)
    - SNCC was 'n belangrike deel van die CRM, en is hoofsaaklik deur die jeug gedryf
    - Teen die middel van die 1960's het hulle meer radikaal geword, wit lede geskors en met 'n Swart Nasionalisme/Swartmag filosofie vereenselwig.
    - Stokely Carmichael het in 1966 die leierskap van SNCC oorgeneem en wegbeweeg van nie-geweld as 'n leidende beginsel na 'n houding wat geweld as 'n aanvaarbare taktiek in selfverdediging aanvaar het.
  - **Black Panther Party (vir selfverdediging)**
    - Geskep deur Huey Newton en Bobby Seale in 1966.
    - Het as 'n gemeenskapsorganisasie en buurtwag begin – veral om deur **ghettopatrollies teen polisiebrutaliteit te waak ("polisieer die polisie")**.
    - Sosialisties en gewillig om saam met wit radikale te werk, het die BPP geglo 'n gewapende rewolusie was nodig om die Amerikaanse samelewing en politiek te verander.
    - **10-punt-program het hul eise uiteengesit** wat gefokus het op verbeterde toestande vir Swart Amerikaners, veranderinge aan die regstelsel, gesondheid-sorg, onderwys en werkverskaffing.
    - Gebruik optogte, saamtrekke, nagwake, bv. tydens die Free Huey-veldtog.

IEB Copyright © 2025 

- **Gemeenskapsprogramme**
  - Gemik op **selfbeskikking en onafhanklikheid**.
  - **Gemeenskapskole/onderrigsinisiatiewe**, bv. in Oakland.
  - **Gratis Ontbyt vir Kinders-program** – om arm kinders te voed en Black Pride and worth te verkondig.
  - Gratis ambulansdienste, gesondheidsklinieke en sekelselanemie-toetsing.
  - **Programme om gratis kos, klere en ander noodsaaklikhede aan arm ghetto-gemeenskappe te verskaf.**
- Ander metodes/optrede
  - Ghetto-patrollies en "polisiëring van die polisie"/**selfverdediging om op polisiebrutaliteit te reageer**.
  - Publikasie van nuusbriewe en tydskrifte, bv. *The Black Panther.*
  - Smith en Carlos betoging tydens die Olimpiese Spele in Meksiko in 1968.
  - Kiesersregistrasie-aksies en pogings om swart verteenwoordiging in plaaslike en stedelike regerings te kry.
- Impak van die Swartmagbeweging
  - **Gemeenskapsprogramme wat 'n impak het binne hul gemeenskappe**, toenemende trots, sigbaarheid en 'n **mate van onafhanklikheid**.
  - Die radikale aard van die BPP het gehelp om die **regering te oortuig van die behoefte aan groter ingryping** om verdere radikalisering te voorkom – soos die aanvaarding van die Wet op Billike Behuising, en die instelling van skoolvoedingskemas.
  - Die FBI het die BPB as 'n beduidende bedreiging vir Amerikaanse interne veiligheid beskou en het onder J Edgar **Hoover die COINTELPRO-program uitgebrei om BPB-aktiwiteite te monitor, te infiltreer en te ontwrig**. Dit het 'n beduidende negatiewe impak op BPB-organisasies gehad – veral die BPP, wat teen die vroeë 1970's begin verbrokkel het.
  - **Geweld, skietgevegte met die polisie en arrestasies** het die impak van Black Power-organisasies verder beperk.
  - BPB-fokus op politieke mag het wel daarin geslaag om die **aantal swart verkose amptenare te verhoog**.

**OF**

IEB Copyright © 2025 

## VRAAG 6

**Verduidelik die belangrikheid van die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika in die 1970's deur die volgende vrae te beantwoord:**

**(a) Wat het tot die opkoms van die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika teen die 1970's gelei?**
**(b) Hoe het die Swartbewussynsbeweging apartheid in die 1970's uitgedaag?**
**(c) Wat was die impak van Swartbewussyn in Suid-Afrika in die 1970's?**

[Verwagte -/kerninhoud is in **vetdruk** aangedui.]

- Vroeë invloede
  - **Bantu Steven Biko** die belangrikste dryfveer.
  - Beïnvloed deur Swartmag in die Verenigde State, nuwe onafhanklike Afrika-lande, Robert Sobukwe en Pan-Afrikanisme.
  - Beïnvloed deur toenemende studenteprotes wêreldwyd.
  - **Reaksie op apartheid** en die fisieke en geestelike onderdrukking van swart Suid-Afrikaners – 'n nuwe benadering wat **sielkundige bevryding die kern** van die bevrydingstryd maak.
  - 'n Reaksie op die **gebrek aan leierskap in die 1960's**, met die belangrikste bevrydingsorganisasies wat verbied is en ondergronds en in ballingskap verdryf is
  - Universiteit Christelike Beweging en die opkoms van Swart Teologie het ook die groeiende verpolitisering van die jeug beïnvloed.
- Stigting van SASO
  - Swartbewussynsbeweging het sy oorsprong by die gesegregeerde universiteite gehad, bv. Fort Hare, Universiteit van die Noorde, Universiteit van Zoeloeland.
  - Verteenwoordigende studenterade by hierdie universiteite het al hoe meer aktief geraak.
  - Biko het vanaf 1966 die SR aan die Universiteit van Natal gelei, onder die sambreel van die veelrassige anti-apartheid studente-unie NUSAS.
  - **Groeiende frustrasie met die wit leierskap van NUSAS en hul paternalisme**.
  - Grahamstad-konferensie 1967 – aparte akkommodasie bevestig die oortuiging dat 'n Swart vakbond nodig is (Swart gedefinieer as al die onderdruktes weens apartheid, en het dus Kleurling- en Indiërlede ingesluit).
  - Biko en ander (Strini Moodley, Saths Cooper, Mamphela Ramphele, Barney Pityana) het die konferensie verlaat en van NUSAS afgeskei om 'n nuwe, slegs swart studente-unie, die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie, te stig.
  - SASO het die grootste dryfkrag van Swartbewussyn in Suid-Afrika geword.
- Ideologie van Swartbewussynsbeweging daag apartheid uit
  - **Geestelike bevryding as voorvereiste vir fisieke bevryding** – 'n nuwe en inspirerende filosofie.
  - **Swart trots** en weiering om minderwaardige status te aanvaar.
  - Kragtige filosofieë om **waardigheid en trots onder die onderdruktes te herinspireer** en nuwe protes te ontketen.
- **Swart Gemeenskapsprogramme** en die ***Black People's Convention*** [kandidate kan voorbeelde kies]
  - BPC 'n sambreelorganisasie met vakbonde, SR'e en gemeenskapsorganisasies as affiliasies.
  - Versprei idees deur swart joernale, gemeenskapskoerante.
  - Swart Ouervereniging na 1976 gestig.
  - Zimele Trustfonds vir politieke gevangenes.
  - Zanempilo Gemeenskapskliniek.

IEB Copyright © 2025 

  - Tuisgebaseerde nywerhede en koöperasies, gemeenskapsdagsorgsentrums, gemeenskapsorganisasie en onderwys.
- SASB en die Soweto-opstande
  - Geïnspireer deur Swartbewussyn by universiteite, het skoolkinders op soortgelyke wyse begin organiseer. **Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging is geskep as 'n sambreelliggaam vir skool-SR'e en is geskoei op SASO**.
  - Swartbewussyn het na skole deurgesyfer deur ouer broers en susters op universiteit, onderwysers wat deel van die beweging was (bv. Onkgopotse Tiro).
  - Swartbewussynsbeweging het studente die taal en die sielkundige bevryding gegee om protes in eie hande te neem toe die regering die Afrikaans Medium Dekreet uitgevaardig het.
  - **SSVR gestig om 'n optog in Soweto te organiseer wat die begin van die Soweto-opstande** sou wees, 'n geweldige uitdaging van die apartheidstaat.
- Regeringsonderdrukking en impak van Swartbewussynsbeweging
  - Alhoewel die **apartheidsregering aanvanklik geglo het dat die Swartbewussyns-beweging die idee van afsonderlike ontwikkeling onderskryf**, het hulle dit gou herken as die bedreiging vir wit mag wat dit was.
  - **Onderdrukking van Swartbewussynsbeweging-materiaal**, verbanning en arrestasie van leiers, bv. 1973 verbanning van 8 Swartbewussynsbewegingleiers, insluitende Biko.
  - Toenemende onderdrukking ná die 1976-opstand, met 'n noodtoestand wat aangekondig is en BC-leiers wat veral geteiken is.
  - 1976 SASO-BPC-verhoor het geëindig met 9 hoofleiers wat ingevolge die Terrorismewet skuldig bevind en tot **tronkstraf op Robbeneiland gevonnis** is. Die volgende jaar is alle **Swartbewussynsbeweging-verwante organisasies verbied**, insluitende die BPC, SASO en SASM.
  - **Biko is in September 1977 in aanhouding vermoor**.
  - Regeringsonderdrukking het daarin geslaag om die leierskap van die Swartbewussynsbeweging af te sny, maar kon nie die ideologie vernietig nie.
  - Die Swartbewussynsbeweging het tydens die res van die stryd teen apartheid **voortgegaan om toenemende protes aan te wakker**.

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025